Printed by Creda Communications

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WETSONTWERP

**Om die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 1997 (Wet 3 van 1997) te herroep ten einde voorsiening te maak vir die instelling van 'n provinsiale toerismebemarkings-agentskap, vir die agentskap se oogmerke en funksies, vir die wyse waarop die agentskap bestuur moet word en vir die agentskap se personeellede; om die ontwikkeling van provinsiale toerisme, insluitende die aktiwiteite en funksies van die provinsiale regering met betrekking daartoe, te reguleer; om vir die voortbestaan van plaaslike toerismeburo's en streek-toerisme-organisasies wat ingevolge die vorige Wet ingestel is, voorsiening te maak deurdat hulle geag word ingevolge 'n standaardverordening insake plaaslike toerisme ingestel te gewees het; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

## HOOFSTUK 1
## UITLEG

**Woordomskrywings**

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) ''**distriksmunisipaliteit**'' 'n distriksmunisipaliteit in die Provinsie waarvoor in artikel 1 van die Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) voorsiening gemaak word;

(ii) ''**Forum**'' die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum wat ingevolge artikel 22 ingestel word;

(iii) ''**geakkrediteerde toerismediensverskaffer**'' 'n toerismeonderneming of —diens wat deur Kaapse Toerisme ingevolge artikel 5(1)*(c)* geakkrediteer is;

(iv) ''**geïntegreerde toerisme-inligtingstelsel**'' 'n gebruikersvriendelike gerekenariseerde versameling.inligting wat tersaaklik is sover dit toerisme in die Provinsie betref en wat geakkrediteerde toerismediensverskaffers, hul dienste en ondernemings, asook toerismepraktisyns moet insluit;

(v) ''**gespesifiseerde datum**'' die datum deur die verantwoordelike Minister by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gespesifiseer, waarop die [Wes-]Kaapse Toerisme met sy aktiwiteite moet begin;

(vi) ''**Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

(vii) ''**hoof uitvoerende beampte**'' die hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme wat in artikel 12 beoog word;

(viii) ''**Kaapse Metropool**'' die regsgebied van die Metropolitaanse Munisipaliteit'

(ix) ''**Kaapse Toerisme**'' die regspersoon wat ingevolge artikel 2 ingestel word;

(x) “**konvensieburodienste**” enige dienste wat ingevolge artikel 5(1)*(b)(iii)* deur [Wes-]Kaapse Toerisme ingestel word om konvensies, konferensies, vergaderings, gebeurtenisse en uitstallings in die Provinsie te bevorder;
(xi) “**Metropolitaanse Munisipaliteit**” die metropolitaanse munisipaliteit wat ingevolge die Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) ingestel word;
(xii) “**Ministeriële Provinsiale Toerismeforum**” die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum wat ingevolge artikel 22 ingestel word;
(xiii) “**ondervoorsitter**” die ondervoorsitter van die raad wat in artikel 6(6) beoog word;
(xiv) “**Oorgangswet op Plaaslike Regering**” die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993);
(xv) “**plaaslike munisipaliteit**” ’n plaaslike munisipaliteit in die Provinsie waarvoor in artikel 1 van die Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) voorsiening gemaak word, maar sluit dit in Hoofstuk 3 van hierdie Wet die Metropolitaanse Munisipaliteit in;
(xvi) “**plaaslike owerhede**” alle munisipaliteite in die Provinsie;
(xvii) “**provinsiale Minister van Finansies**” die lid van die Provinsiale Kabinet wat vir finansies verantwoordelik is;
(xviii) “**Provinsiale Parlement**” die wetgewer van die Provinsie;
(xix) “**provinsiale plaaslikeregeringsorganisasie**” die organisasie wat kragtens artikel 2(1)*(b)* van die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet 52 van 1997) erken word;
(xx) “**provinsiale regering**” die regering van die Provinsie;
(xxi) “**Provinsie**” die Provinsie Wes-Kaap;
(xxii) “**raad**” die raad van [Wes-]Kaapse Toerisme;
(xxiii) “**Satoer**” die Suid-Afrikaanse Toerismeraad wat by die Wet op Toerisme, 1993 (Wet 72 van 1993) ingestel is;
(xxiv) “**Strukturewet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);
(xxv) “**toeris**” ’n persoon wat een of meer nagte maar minder as ’n jaar van die huis af weg deurbring;
(xxvi) “**toerismediens**” ‘n toerismediens wat by regulasie voorgeskryf word;
(xxvii) “**toerismeonderneming**” ’n toerismeonderneming wat by regulasie voorgeskryf word;
(xxviii) “**toerismepraktisyn**” die operateur van ’n toerismeonderneming of -diens;
(xxix) “**verantwoordelike Minister**” die lid van die Provinsiale Kabinet wat vir toerisme verantwoordelik is;
(xxx) “**voorsitter**” die voorsitter van die raad van Kaapse Toerisme;
(xxxi) “**voorskryf**” by regulasie voorskryf ingevolge artikel 25;
*(xxxii)* “**vorige Wet**” die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 1997 (Wet 3 van 1997), soos gewysig;
(xxxiii) . . .
(xxxiv) “**Wes-Kaapse Toerismeraad**” die raad wat by die vorige Wet ingestel is.

(2) Waar in hierdie Wet enige funksionaris ’n besluit in oorleg met ’n ander funksionaris moet neem, vereis so ’n besluit die instemming van die ander funksionaris; met dien verstande dat as so ’n ander funksionaris ’n liggaam van persone is, die liggaam sy instemming in ooreenstemming met sy eie besluitnemingsprosedures moet uitdruk.

## HOOFSTUK 2
## [WES-]KAAPSE TOERISME

### Instelling van [Wes-] KaapseToerisme

**2.** ’n Regspersoon wat bekend sal staan as [Wes-]Kaapse Toerisme en wat uit ’n raad, ’n hoof uitvoerende beampte en personeel moet bestaan, word hierby ingestel.

### Kaapse Toerisme opvolger van bates en laste van Wes-Kaapse Toerismeraad

**3.** (1) Op die gespesifiseerde datum sal alle bates, regte, laste en verpligtinge van die Wes-Kaapse Toerismeraad na [Wes-]Kaapse Toerisme oorgeplaas word.

(2) Die Registrateur van Aktes moet al die inskrywings en endossemente wat nodig is om gevolg te gee aan subartikel (1), aanbring in of op enige dokumente wat in sy of haar kantoor is of aan hom of haar voorgelê word.

(3) Geen gelde of ander bedrae is ten opsigte van so 'n inskrywing of endossement betaalbaar nie.

(4) Die verantwoordelike Minister moet, wanneer hy of sy die gespesifiseerde datum afkondig, voorsiening maak vir die afskaffing van die Wes-Kaapse Toerismeraad.

**Hoofoogmerk van Kaapse Toerisme**

**4.** Kaapse Toerisme moet, behoudens die bepalings van artikel 5, 'n omvattende toerismebemarkingstrategie vir die Provinsie op 'n deurlopende grondslag formuleer en implementeer.

**Funksies van Kaapse Toerisme**

**5.** (1) Ten einde sy hoofoogmerk te bereik, moet Kaapse Toerisme, in ooreenstemming met enige ooreenkoms ingevolge die bepalings van artikel 22(2), die volgende doen:

*(a)* toerisme—
  (i) na die Provinsie in samewerking met Satoer internasionaal bemark;
  (ii) na en in die Provinsie binnelands bemark;

*(b)* 'n toerismeregistrasie- en akkrediteringstelsel vir die Provinsie, wat
  (i) geakkrediteerde toerismediensverskaffers moet insluit;
  (ii) tesame met die geakkrediteerde toerismediensverskaffers en die private sektor 'n provinsiale toerismedatabasis, insluitende 'n geïntegreerde toerisme-inligtingstelsel; en
  (iii) konvensieburodienste,

  instel, bestuur en in stand hou;

*(c)* akkrediteringsvereistes vasstel ten opsigte van—
  (i) die vertoning en gebruik van die "i"-teken; en
  (ii) die vertoning en gebruik van Kaapse Toerisme se logo, en, op aansoek deur 'n toerismediensverskaffer wat aan sulke vereistes voldoen, so 'n toerismediensverskaffer akkrediteer vir die doel van die vertoning en gebruik van die "i"-teken of Kaapse Toerisme se logo, of albei, na gelang van die geval;

*(d)* die aktiwiteite van die geakkrediteerde toerismediensverskaffers moniteer, steun en koördineer;

*(e)* riglyne aan plaaslike owerhede verskaf oor die minimum standaarde van dienste, soos voorsiening daarvoor ingevolge artikel 21*(c)* gemaak word ten opsigte van munisipale strukture waarby toerisme betrokke is, insluitende entiteite in artikel 18 genoem;

*(f)* toesien dat 'n gedragskode vir toerismepraktisyns en geakkrediteerde toerismediensverskaffers opgestel en in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word, soos voorsiening daarvoor in artikel 23(2) gemaak word;

*(g)* . . .

*(h)* kantore in die Provinsie open en administreer;

*(i)* nuwe toerismeprodukte en—pakkette in die Provinsie, insluitende nuwe temas en roetes, identifiseer en bevorder;

*(j)* toerismeverwante kuns en handwerk in die Provinsie bevorder;

*(k)* in vennootskap met provinsiale en plaaslike regering, vlakke van bewustheid en begrip van toerisme en die belangrikheid daarvan vir die Provinsie verhoog, en

*(l)* inkomste genereer.

(2) Kaapse Toerisme kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), met die doel om die funksies soos in subartikel (1) beoog , te verrig—

*(a)* met enige natuurlike persoon of persone of regspersoon of -persone, enige staatsorgaan of enige organisasie saamwerk en ooreenkomste aangaan;

*(b)* in oorleg met die verantwoordelike Minister en die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum, onroerende eiendom huur, koop of aanskaf, verhuur, verkoop, ruil of vervreem, met 'n verband of 'n serwituut beswaar, of enige saaklike reg daarin verleen;

*(c)* roerende eiendom huur, koop of aanskaf, verhuur, verkoop, ruil of vervreem, verpand of enige ander saaklike reg daarin verleen, en

*(d)* behoudens subartikel *(b)* hierbo, alle ander funksies verrig wat 'n regspersoon regtens kan verrig.

**Raad van Kaapse Toerisme**

**6. (1) Kaapse Toerisme sal onder 'n raad val wat uit die volgende lede bestaan:**

*(a)* twee verteenwoordigers van die provinsiale regering wat deur die verantwoordelike Minister aangestel word;

*(b)* twee verteenwoordigers van die Metropolitaanse Munisipaliteit wat deur daardie Munisipaliteit aangestel word;

*(c)* twee verteenwoordigers van die distriksmunisipaliteite in die Provinsie wat deur die provinsiale plaaslikeregeringsorganisasie aangestel word;

*(d)* drie verteenwoordigers van die private toerismesektor wat deur die verantwoordelike Minister in oorleg met die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum aangestel word;

*(e)* die hoof uitvoerende beampte van Satoer;

*(f)* die hoof uitvoerende beampte van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad.

(2) Die lede in paragrawe *(a)*, *(b)*, *(c)* en *(d)* van subartikel (1) genoem moet persone met kennis en ondervinding van toerisme wees, en minstens een van die lede in elk van paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* van subartikel (1) genoem moet toerismepraktisyns wees.

(3) Die lede genoem in—

*(a)* paragrawe *(a)* en *(d)* van subartikel (1) word lede van die raad vanaf die datum waarop hul aanstelling deur die verantwoordelike Minister bevestig word;

*(b)* paragrawe *(b)* en *(c)* van subartikel (1) word lede van die raad vanaf die datum waarop die verantwoordelike Minister van hul aanstelling in kennis gestel word.

(4) Die verantwoordelike Minister moet, voor die bevestiging van enige aanstelling ingevolge subartikel (3)*(a)*—

*(a)* op die voorgeskrewe wyse en by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in ander media wat die verantwoordelike Minister geskik ag, die naam van die betrokke persoon publiseer en enige belanghebbende partye nooi om enige besware wat hulle moontlik teen die voorgestelde aanstelling het, binne die gespesifiseerde tydperk aan hom of haar voor te lê en die redes vir die besware te noem; en

*(b)* enige sulke besware wat ontvang word, oorweeg.

(5) Die verantwoordelike Minister moet—

*(a)* voordat enige aanstelling ingevolge subartikel (1)*(d)* gedoen word, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in ander media wat die verantwoordelike Minister geskik ag, enige belanghebbende partye in die private toerismesektor nooi om die name van persone wat na die mening van dié belanghebbende partye geskikte persone is om aldus aangestel te word, binne die tydperk en op die wyse in die kennisgewing gespesifiseer, aan hom of haar voor te lê en die redes waarop so 'n mening gegrond is, te noem;

*(b)* die benoemings ingevolge paragraaf *(a)* ontvang, oorweeg en, behoudens artikel 6(1)*(d)*, dié persone wat die verantwoordelike Minister geskik ag, aanstel.

(6) Die raad moet uit die geledere van die persone in subartikel (1)(a), *(b)*, *(c)* en *(d)* genoem, 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter vir die raad aanstel, en dié aanstellings moet vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar wees.

**Ampstye van lede van raad van Kaapse Toerisme, kwalifikasies vir aanstelling, ontruiming van amp en vulling van vakatures**

**7.** (1) Enige lid van die raad wat 'n amp beklee ingevolge—

*(a)* artikel 6(1)*(a)*, *(b)*, *(c)* en *(d)* moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), die amp vir 'n tydperk van drie jaar beklee; met dien verstande dat die provinsiale regering, die Metropolitaanse Munisipaliteit en die distriksmunisipaliteite te eniger tyd geregtig is om hul verteenwoordigers in die raad te vervang, en in so 'n geval beklee 'n plaasvervanger die amp vir die onverstreke tydperk van die verteenwoordiger se ampstermyn;

*(b)* artikel (6)(1)*(e)* of *(f)* moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), die amp beklee so lank as wat hy of sy die hoof uitvoerende beampte van Satoer of die hoof uitvoerende beampte van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad is, na gelang van die geval.

(2) 'n Persoon is onbevoeg om as 'n lid van die raad aangestel te word of 'n lid te bly as hy of sy -

*(a)* insolvent of geestelik gekrenk verklaar word deur 'n bevoegde hof;

*(b)* skuldig bevind word of skuldig bevind is aan—

(i) enige misdryf en gevonnis word of gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of

(ii) uit die amp ontslaan word of ontslaan is ingevolge subartikel (3), of

*(c)* 'n lid van die Parlement of 'n provinsiale wetgewer word.

(3) Die verantwoordelike Minister kan, in oorleg met die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum, 'n lid van die raad uit die amp ontslaan op grond van growwe wangedrag, onvermoë of growwe onbekwaamheid of as so 'n lid van drie opeenvolgende vergaderings van die raad afwesig is sonder die verlof van die raad.

(4) 'n Lid van die raad wat voor die verstryking van sy of haar ampstermyn wil bedank, moet dit skriftelik doen en moet so 'n bedankingsbrief aan die voorsitter van die raad rig.

(5) 'n Lid van die raad ontruim die amp, uitgesonderd omrede van die verstryking van sy of haar ampstermyn kragtens subartikel (1), wanneer hy of sy -

*(a)* onbevoegd is ingevolge subartikel (2); of

*(b)* ontslaan word ingevolge subartikel (3); of

*(c)* bedank ingevolge subartikel (4).

(6)Indien die amp van 'n lid van die raad in artikel 6(1)*(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)* genoem om enige rede vakant word voor die verstryking van die ampstermyn, moet 'n nuwe verteenwoordiger in ooreenstemming met die bepalings van artikel 6 vir die onverstreke deel van die lid se ampstermyn aangestel word.

(7) Enige lid van die raad wie se ampstermyn verstryk het, kan heraangestel word.

**Vergaderings en besluite van raad van Kaapse Toerisme**

**8.** (1) Die eerste vergadering van die raad moet gehou word op 'n tyd en plek wat deur die verantwoordelike Minister bepaal word, en daarna moet die raad op die tye en plekke vergader wat van tyd tot tyd deur die voorsitter bepaal word; met dien verstande dat die raad minstens een keer al om die drie maande moet vergader.

(2) Die voorsitter kan te eniger tyd, óf uit sy eie óf op skriftelike versoek van minstens vier lede van die raad, by wyse van skriftelike kennisgewing 'n buitengewone vergadering van die raad byeenroep, wat gehou moet word op die tyd en plek wat deur die voorsitter bepaal word.

(3) 'n Kennisgewing waarby 'n buitengewone vergadering van die raad byeengeroep word, moet die doel van dié vergadering noem.

(4) Die kworum vir die vergadering van die raad is ses lede; met dien verstande dat minstens een van die twee lede in elk van paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* van artikel 6(1) genoem, aanwesig moet wees.

(5) As die voorsitter om enige rede nie in staat is om op te tree nie, of die amp van voorsitter vakant is, moet die ondervoorsitter as voorsitter optree.

(6) As albei die voorsitter en die ondervoorsitter van 'n vergadering van die raad afwesig is, moet die lede wat aanwesig is, een uit hul geledere kies om op die vergadering voor te sit.

(7) Die besluit van 'n meerderheid van die lede wat op 'n vergadering aanwesig is, maak 'n besluit van die raad uit, en in geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid, moet die persoon wat op die vergadering voorsit, 'n beslissende stem naas 'n gewone stem hê.

(8) 'n Besluit wat deur die raad geneem word wanneer daar 'n vakature in die raad is, of wanneer enige persoon wat nie geregtig is om as 'n lid van die raad te sit nie, wel as 'n lid sit, is nie ongeldig nie indien—

*(a)* die besluit deur 'n meerderheid van die lede van die raad geneem word; en

*(b)* minstens ses van die lede wat die meerderheid uitmaak, geregtig is om as lede te sit.

(9) Die raad kan enige persoon wat nie 'n lid van die raad is nie, toelaat om enige vergadering van die raad by te woon en kan toelaat dat so 'n persoon deelneem aan die verrigtinge op so 'n vergadering sonder die reg om te stem.

(10) Wanneer die raad in sitting is, mag 'n lid daarvan nie deelneem aan die bespreking, of deelneem aan die neem van 'n besluit oor enige saak waarin daardie lid of daardie lid se gade, vennoot of werknemer enige persoonlike of regstreekse of onregstreekse geldelike belang het nie, tensy daardie lid eers die omvang, aard en

besonderhede van daardie belang verklaar het; met dien verstande dat die raad kan verlang dat enige lid wat so 'n belang verklaar het, homself of haarself aan die verrigtinge ten opsigte van daardie saak moet onttrek.

(11) Enige lid van die raad wat die bepalings van subartikel (10) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

(12) Notules moet gehou word van vergaderings van die raad en van enige komitees wat deur die raad aangestel word, en moet onderteken word deur die persoon wat op die volgende vergadering voorsit.

(13) Die notules van vergaderings van die raad sal openbare dokumente wees.

**Komitees van raad van Kaapse Toerisme**

**9.** Die raad kan die komitees wat hy nodig ag, instel om te help met die verrigting van sy funksies, en kan die lede van sy komitees, wat lede van die raad en personeel van Kaapse Toerisme kan insluit, aanstel.

**Delegasie van funksies van raad van Kaapse Toerisme**

**10.** (1) Die raad verteenwoordig Kaapse Toerisme, en alle handelings wat deur die raad of met sy magtiging verrig word, word geag handelings van Kaapse Toerisme te wees.

(2) Behoudens subartikels (3), (4) en (5), kan die raad by besluit enige bevoegdheid en enige plig waarmee hy by of ingevolge hierdie Wet beklee is, delegeer of opdra aan die voorsitter, die hoof uitvoerende beampte of 'n komitee van die raad.

(3) Die raad moet nie enige bevoegdheid ontneem word, of onthef word van enige plig, wat aldus gedelegeer of opgedra word nie.

(4) 'n Delegasie of opdra—

*(a)* kan gedoen word onderworpe aan voorwaardes deur die raad bepaal;

*(b)* kan die bevoegdheid insluit om verder te delegeer of verder op te dra onderworpe aan die voorwaardes deur die raad bepaal;

*(c)* moet ten volle meegedeel word aan die persoon aan wie gedelegeer of opgedra word, en wel skriftelik.

(5) Die raad kan by besluit—

*(a)* 'n delegasie of opdra ingevolge subartikel (2) deur hom gedoen, wysig of intrek;

*(b)* enige besluit, uitgesonderd 'n besluit waarby 'n derde party met 'n reg of beregtiging beklee word, wat ingevolge 'n opdra of delegasie geneem is, intrek en self die saak beslis.

**Vergoeding van lede van raad van Kaapse Toerisme en sy komitees**

**11.** Die lede van die raad en sy komitees, uitgesonderd die hoof uitvoerende beampte en die personeel van Kaapse Toerisme, moet die vergoeding en toelaes uit die fondse van Kaapse Toerisme betaal word wat deur die verantwoordelike Minister in oorleg met die provinsiale Minister van Finansies en na oorleg met die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum bepaal word en deur die verantwoordelike Minister in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

**Hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme**

**12.** (1) Die raad moet 'n geskikte persoon met kennis en ondervinding van bestuur en toerisme as hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme aanstel; met dien verstande dat geen lid van die raad en geen persoon wat onbevoeg is om as 'n lid van die raad aangestel te word of 'n lid te bly, as hoof uitvoerende beampte aangestel mag word nie.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet aangestel word vir dié tydperk, wat nie vyf jaar mag oorskry nie, wat die raad bepaal en kan, na oorleg met die verantwoordelike Minister, heraangestel word by verstryking van daardie tydperk.

(3) Die hoof uitvoerende beampte kan heraangestel word.

(4) Die hoof uitvoerende beampte moet—

*(a)* toesien dat Kaapse Toerisme sy funksies ingevolge hierdie Wet verrig;

*(b)* verslag doen aan die raad oor die funksionering en effektiewe prestasie van Kaapse Toerisme;

(c) 'n skriftelike verslag oor die funksionering en effektiewe prestasie van Kaapse Toerisme opstel en dié verslag aan die verantwoordelike Minister, die Metropolitaanse Munisipaliteit en die distriksmunisipaliteite op 'n sesmaandelikse grondslag voorlê;

(d) in bevel wees van die ander werknemers van Kaapse Toerisme en daardie werknemers wat van die provinsiale regering en die plaaslike owerhede aan Kaapse Toerisme gesekondeer word;

(e) die vergaderings van die raad bywoon;

(f) toesien dat behoorlik notule gehou word van die vergaderings van die raad en enige komitees van die raad, en

(g) die ander funksies verrig wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar opgedra word.

(5) As die hoof uitvoerende beampte afwesig is of om enige rede nie sy of haar funksies kan verrig nie, of wannneer ook al daar 'n vakature in die amp van hoof uitvoerende beampte is, moet die raad 'n ander persoon aanstel om tydens so 'n afwesigheid of onvermoë of totdat 'n hoof uitvoerende beampte ingevolge subartikel (1) aangestel is, as hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme op te tree.

(6) 'n Waarnemende hoof uitvoerende beampte moet vir die duur van sy of haar aanstelling die funksies van die hoof uitvoerende beampte verrig.

(7) Die persoon wat ingevolge die vorige Wet onmiddellik voor die gespesifiseerde datum die hoof uitvoerende beampte van die Wes-Kaapse Toerismeraad was, moet, vanaf die gespesifiseerde datum tot die datum wanneer die aanstelling van Kaapse Toerisme se eerste hoof uitvoerende beampte ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel van krag word, as hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme optree; met dien verstande dat die persoon wat aldus optree, nie verhinder word om ingevolge subartikel (1)as die hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme aangestel te word nie; met dien verstande verder dat die bepalings van hierdie subartikel nie uitgelê word as sou dit enige reg of verwagting van watter aard ook al verleen dat die hoof uitvoerende beampte van die Wes-Kaapse Toerismeraad as die hoof uitvoerende beampte van Kaapse Toerisme aangestel sal word nie.

**Personeel van Kaapse Toerisme**

**13.** (1) Behoudens die skriftelike opdragte van die raad, kan die hoof uitvoerende beampte dié personeel vir Kaapse Toerisme aanstel wat redelikerwys nodig is om die werk wat uit Kaapse Toerisme se funksies ingevolge hierdie Wet voortspruit, te verrig.

(2) Die diensbepalings en -voorwaardes van die hoof uitvoerende beampte en ander personeel van Kaapse Toerisme, insluitende hul vergoeding, toelaes, subsidies en ander diensvoordele, word deur die raad bepaal in ooreenstemming met 'n stelsel wat deur die verantwoordelike Minister in oorleg met die provinsiale Minister van Finansies goedgekeur word en in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word.

(3) Die persone wat ingevolge die vorige Wet onmiddellik voor die gespesifiseerde datum werknemers van die Wes-Kaapse Toerismeraad was, word vanaf daardie datum geag werknemers van Kaapse Toerisme te wees en sal geag word ingevolge subartikel (1) aangestel te gewees het.

(4) Die diensbepalings en -voorwaardes wat onmiddellik voor die gespesifiseerde datum op die persone in subartikel (3) genoem, van toepassing was, gaan met ingang van die gespesifiseerde datum voort totdat dit deur die raad ingevolge subartikel (2) herbepaal word; met dien verstande dat—

(a) dié diensbepalings en -voorwaardes nie minder gunstig mag wees as voor die herbepaling nie;

(b) dié persone se onderskeie tydperke by die Wes-Kaapse Toerismeraad beskou moet word as pensioendraende diens vir die doel van enige pensioenfonds of -skema waarvan hulle na die gespesifiseerde datum lede is, en

(c) die verlof wat deur elkeen van dié persone opgehoop is terwyl hulle in die diens van die Wes-Kaapse Toerismeraad was, geag word verlof te wees wat hulle in die diens van Kaapse Toerisme opgehoop het.

(5) Die raad kan, in oorleg met die verantwoordelike Minister en die provinsiale Minister van Finansies, enige pensioen- of voorsorgfonds of mediese skema tot voordeel van die personeel van Kaapse Toerisme instel, bestuur en administreer of so 'n fonds of skema deur 'n ander liggaam of persoon laat administreer.

**Fondse en bates van Kaapse Toerisme**

**14. (1) Die fondse en bates van Kaapse Toerisme bestaan uit—**

*(a)* geld wat deur die Provinsiale Parlement en die plaaslike owerhede, in die besonder die Metropolitaanse Munisipaliteit en die distriksmunisipaliteite, bewillig word;

*(b)* skenkings, bemakings of bydraes; met dien verstande dat voorwaardelike skenkings, bemakings of bydraes—

(i) tot voordeel van Kaapse Toerisme aanvaar moet word in oorleg met die verantwoordelike Minister en die provinsiale Minister van Finansies;

(ii) in ooreenstemming met dié voorwaardes gebruik moet word, tensy die voorwaardes by ooreenkoms tussen die skenker, die raad, die verantwoordelike Minister en die provinsiale Minister van Finansies verander word, en

*(c)* inkomste deur Kaapse Toerisme gegenereer in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet, insluitende gelde vir dienste en gebruikersheffings deur die raad bepaal.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet 'n bankrekening in die naam van Kaapse Toerisme open by 'n instelling wat ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990) as 'n bank geregistreer is, en moet alle geld wat Kaapse Toerisme ontvang, in dié rekening deponeer.

(3) Die hoof uitvoerende beampte kan, namens Kaapse Toerisme, enige geld wat Kaapse Toerisme ontvang en wat nie vir onmiddellike gebruik benodig word nie, in die Republiek belê op 'n wyse wat deur die raad, in oorleg met die verantwoordelike Minister en die provinsiale Minister van Finansies, goedgekeur word.

(4) Alle tjeks, promesses en ander dokumente wat namens Kaapse Toerisme onderteken moet word, moet onderteken word deur die hoof uitvoerende beampte en 'n senior werknemer van Kaapse Toerisme, of op die wyse wat die raad besluit; met dien verstande altyd dat twee ondertekenaars vereis word.

**Boekjaar van Kaapse Toerisme**

**15.** Die boekjaar van Kaapse Toerisme eindig op 31 Maart; met dien verstande die eerste boekjaar vanaf die gespesifiseerde datum tot 31 Maart van die volgende jaar is.

**Finansiële beheer van Kaapse Toerisme**

**16.** Kaapse Toerisme word geag 'n provinsiale openbare entiteit vir die toepassing van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) te wees en is onderworpe aan die finansiële beheermaatreëls wat in daardie Wet vervat is; met dien verstande dat die raad die verslae en state in artikel 55(1)*(d)* van Wet 1 van 1999 genoem, ook aan die Metropolitaanse Munisipaliteit en die distriksmunisipaliteite moet voorlê binne die tydperk in daardie artikel genoem.

**Geregtelike bestuur of likwidasie**

**17.** Ondanks die bepalings van enige ander wet, word 'n besluit van die Provinsiale Parlement vereis voordat Kaapse Toerisme onder geregtelike bestuur of in likwidasie geplaas kan word.

## HOOFSTUK 3
## BESTAANDE PLAASLIKE TOERISMEBURO'S EN STREEK-TOERISMEORGANISASIES

**Bestaande entiteite**

**18.** Alle entiteite wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet plaaslike toerismeburo's of streek-toerismeorganisasies is wat ingevolge die vorige Wet ingestel is, word vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet geag gestig te gewees het ingevolge die Standaardverordening insake Plaaslike Toerisme, wat in die Bylae van hierdie Wet vervat is.

**Aansoek om akkreditering as geakkrediteerde toerismediensverskaffer**

**19.** Die entiteite in artikel 18 genoem en ander munisipale strukture waarby toerisme betrokke is, word nie verhinder om ingevolge artikel 5(1)*(c)* aansoek te doen om geakkrediteerde toerismediensverskaffers te wees nie.

**Aanbevelings van raad**

**20.** Die raad kan, met die doel om die funksies van Kaapse Toerisme te verrig, ondersoek instel na die optimale getal munisipale strukture binne die regsgebied van elke plaaslike owerheid waarby toerisme betrokke is en kan aanbevelings in dié verband aan so 'n plaaslike owerheid doen.

## Hoofstuk 4
## Provinsiale toerismeontwikkeling

**Provinsiale toerismeontwikkelingsbeleid**

**21.** Die provinsiale regering moet 'n omvattende toerismeontwikkelingsbeleid vir die Provinsie op 'n deurlopende grondslag formuleer en, in samewerking met Kaapse Toerisme, die plaaslike owerhede en die private sektor, implementeer, en dit moet die volgende insluit:

*(a)* toerismeveiligheid en—sekuriteit;
*(b)* ruimtelike beplanning en ontwikkeling, openbare infrastruktuur en padtekens;
*(c)* norme en standaarde vir toerismeondernemings en—dienste;
*(d)* opvoedkundige programme, insluitende die verhoging van vlakke van bewustheid en begrip van toerisme en die belangrikheid daarvan vir die Provinsie;
*(e)* sakeadviesdienste, insluitende dienste wat beskikbaar is vir persone uit voorheen benadeelde gemeenskappe;
*(f)* nuwe toerismeprodukte en -pakkette in die Provinsie, insluitende nuwe temas en roetes;
*(g)* plaaslik vervaardigde toerismeverwante kuns en handwerk;
*(h)* die fasilitering van die verwydering van enigiets wat voorheen benadeelde gemeenskappe en individue verhinder om die toerismebedryf te betree;
*(i)* die instelling van standaardprogramme ter ondersteuning van ondernemers, wat toepaslike vaardighede, opvoeding en opleiding fasiliteer;
*(j)* versekering dat nasionale en provinsiale bemarkingsinisiatiewe in noue samewerking met plaaslike bemarkingsinisiatiewe onderneem word;
*(k)* die monitering van nasionale norme en standaarde; en
*(l)* minimalisering van die negatiewe maatskaplike en omgewingsimpak van toerisme.

**Ministeriële Provinsiale Toerismeforum**

**22.** (1) Daar word hierby 'n komitee ingestel, wat die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum heet en wat bestaan uit—

*(a)* die verantwoordelike Minister, wat die voorsitter is;
*(b)* die voorsitter van die staande komitee in die Provinsiale Parlement wat vir toerisme verantwoordelik is;
*(c)* die voorsitters van die plaaslike owerhede se uitvoerende komitees, of hul benoemdes, en
*(d)* die voorsitter van Kaapse Toerisme, of 'n lid van die raad wat deur die voorsitter benoem word; met dien verstande dat hy of sy nie hoef deel te neem, of geregtig is om deel te neem, aan enige besluit betreffende die lede van Kaapse Toerisme se raad nie.

(2) Die funksies van die Forum is om -

*(a)* 'n omvattende toerismebeleid vir die Provinsie te bevorder wat ten volle rekening hou met die toerismebehoeftes van—
   (i) die plaaslike owerhede;
   (ii) die provinsiale regering;
   (iii) die toerismebedryf; en
   (iv) toeriste;

*(b)* inligting en menings oor alle aspekte van toerisme in die Provinsie te deel;
*(c)* optrede aangaande sake wat vir die provinsiale regering en die plaaslike owerhede van gemeenskaplike belang is, te koördineer; en
*(d)* ooreenkomste te fasiliteer en te moniteer wat binne twaalf maande vanaf die gespesifiseerde datum ingevolge artikel 163*(a)* van die Grondwet bereik moet word tussen die verantwoordelike Minister en die provinsiale organisasie wat munisipaliteite en Kaapse Toerisme verteenwoordig, ten einde—
  (i) te verseker dat die provinsiale regering en die plaaslike owerhede hul onderskeie bevoegdhede en funksies met betrekking tot toerisme uitoefen en verrig op 'n wyse wat nie inbreuk maak op die integriteit van die ander nie, en in onderlinge vertroue en te goeder trou met mekaar saamwerk in sake wat met toerisme in die Provinsie in verband staan; en
  (ii) 'n gelykvormige beleid moontlik te maak met betrekking tot kwessies wat bemarking, insluitende nuwe produkontwikkeling, en deelname aan en bydraes tot 'n toerismedatabasis in die Provinsie insluit, maar nie daartoe beperk is nie.

(3) Die Forum kan reëls opstel aangaande die byeenroeping van sy vergaderings, die frekwensie van sy vergaderings, die prosedures op sy vergaderings, insluitende die kworum vir sy vergaderings, en enige ander saak wat hy nodig of doenlik ag vir die gehoorlike verrigting van sy funksies.

(4) Die werkverrigting van die Forum sal nie ongeldig wees bloot omdat daar 'n vakature in die Forum is nie.

## HOOFSTUK 5

### Funksies en pligte van provinsiale regering

**23.** Die provinsiale regering kan—
*(a)* 'n toerisme-*ombudsman* aanstel en befonds om klagtes aangaande geakkrediteerde toerismediensverskaffers en toerismepraktisyns te ondersoek, en om aan die raad verslag te doen aangaande die uitslag van sulke ondersoeke;
*(b)* na oorleg met die Forum, 'n Gedragskode vir toerismepraktisyns en geakkrediteerde toerismediensverskaffers in die *Provinsiale Koerant* publiseer.

## HOOFSTUK 6
## ALGEMENE BEPALINGS

### Misdrywe en strawwe

**24.** (1) Enige persoon wat die ''i''-teken vertoon of andersins gebruik of wat Kaapse Toerisme se logo vertoon of andersins gebruik, is skuldig aan 'n misdryf, tensy so 'n persoon 'n geakkrediteerde toerismediensverskaffer ingevolge artikel 5(1)*(c)* is.

(2) Enige persoon wat die bepalings van artikel 24(1) oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of 'n ekwivalente boete.

(3) **[POLISIËRING— MOET MET DIE MINISTER BESPREEK WORD]**

### Regulasies

**25.** Die verantwoordelike Minister kan, na oorleg met die Ministeriële Provinsiale Toerismeforum, regulasies maak oor enige saak wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word, en oor enige ander saak wat hy of sy nodig ag om die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik; met dien verstande dat regulasies met finansiële implikasies in oorleg met die provinsiale Minister van Finansies gemaak moet word.

### Herroeping van Wes-Kaapse Wet op Toerisme

**26.** Die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 1997 (Wet 3 van 1997), word hierby herroep.

**Kort titel en datum van inwerkingtreding**

**27.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000, en sal in werking tree op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* vasstel; met dien verstande dat so 'n datum nie die eerste algemene verkiesing van munisipale rade ingevolge die Grondwet en die Strukturewet mag voorafgaan nie.

# BYLAE
# STANDAARDVERORDENING INSAKE TOERISME

**Aanhef**

Die Regering van die Provinsie Wes-Kaap wil plaaslike regering se kapasiteit om plaaslike toerisme te administreer en te bevorder, steun, versterk en vooruithelp.

Die Regering van die Provinsie Wes-Kaap verskaf dié steun deur die goedkeuring van hierdie Verordening, wat 'n gladde oorgang na die nuwe grondwetlike bestel, waaronder plaaslike regering uitvoerende bevoegdheid het asook die reg om plaaslike toerisme te administreer en, bowendien, verordeninge in hierdie verband te kan maak, fasiliteer. Hierdie Verordening is op alle munisipaliteite in die Provinsie van toepassing, maar enige munisipaliteit kan hom by wyse van 'n verordening vrystel van al of enige van die bepalings van hierdie Verordening.

**Woordomskrywings**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(1) ''buro'' 'n plaaslike toerismeburo, ingestel ingevolge artikel 25 van die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, Wet 3 van 1997, en ingevolge artikel 18 van die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000 geag ingevolge hierdie Verordening ingestel te wees;

(2) ''distriksmunisipaliteit'' 'n munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende bevoegdheid het in 'n gebied wat meer as een munisipaliteit insluit, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet as 'n kategorie C-munisipaliteit beskryf word;

(3) ''metropolitaanse munisipaliteit'' 'n munisipaliteit wat eksklusiewe uitvoerende en wetgewende bevoegdheid in sy gebied het, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet as 'n kategorie A-munisipaliteit beskryf word;

(4) ''munisipaliteit'' 'n metropolitaanse, distriks- of plaaslike munisipaliteit;

(5) ''plaaslike munisipaliteit'' 'n munisipaliteit wat munisipale uitvoerende en wetgewende bevoegdheid in sy gebied deel met 'n distriksmunisipaliteit binne wie se gebied hy val, en wat in artikel 155(1) van die Grondwet as 'n kategorie B-munisipaliteit beskryf word;

(6) ''Provinsie'' die Provinsie Wes-Kaap;

(7) ''streek-toerismeorganisasie'' 'n streek-toerismeorganisasie ingevolge artikel 19 van die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, Wet 3 van 1997, ingestel, en ingevolge artikel 18 van die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000 geag ingevolge hierdie Wet ingestel te wees.

**Toepassing**

**2.** Hierdie Verordening is van toepassing op alle munisipaliteite in die Provinsie; met dien verstande dat enige munisipaliteit al of enige van die bepalings van hierdie Verordening deur middel van 'n verordening kan wysig of herroep.

**Plaaslike toerismeburo's**

**3.** (1) Alle buro's wat by die inwerkingtreding van hierdie Verordening bestaan, word geag ingevolge hierdie Verordening ingestel te gewees het deur die plaaslike munisipaliteit in wie se regsgebied hulle val.

(2) 'n Plaaslike munisipaliteit mag nie enige verdere buro of ander organisasie vir die bevordering en administrasie van plaaslike toerisme ingevolge hierdie Verordening instel nie, en enige verdere buro of organisasie moet ingestel word ingevolge 'n nuwe verordening wat vir daardie doel afgekondig word.

(3) 'n Plaaslike munisipaliteit kan by besluit van sy raad enige buro in sy regsgebied afskaf; met dien verstande dat so 'n besluit voorsiening maak vir—

(a) die oorplasing van persone in die diens van so 'n buro na daardie plaaslike munisipaliteit (waar dié persone nie werknemers van daardie plaaslike munisipaliteit is nie), onderworpe aan voorwaardes wat nie minder gunstig is nie as dié waaronder hulle dien, en toepaslike arbeidswetgewing;

(b) die likwidasie of oorplasing van bates, laste, regte en verpligtinge van so 'n buro na so 'n plaaslike munisipaliteit, insluitende die beskerming van die bates teen beslaglegging en geregtelike verkoping; en

(c) die voortgesette toepassing van die besluite van so 'n buro en die omvang daarvan.

**Oogmerke van buro's**

**4.** Die funksies van 'n buro is—

(a) om 'n toerismebeleid en—strategie vir sy regsgebied te formuleer binne 'n raamwerk wat bepaal is deur die plaaslike munisipaliteit in wie se gebied hy val en, waar toepaslik, vir omringende distrikte;

(b) om sy regsgebied as 'n toeristebestemming, asook enige produk binne die gebied, in samewerking met omringende munisipaliteite en die Provinsie te bemark;

(c) om 'n inligtings- en hulpdiens te verskaf ten einde toeriste aan te moedig om die plaaslike gebied te besoek op 'n wyse wat onderling voordelig vir die toeris en die plaaslike gemeenskap is;

(d) om toerismevaardighede en—bewustheid in die plaaslike gemeenskap te ontwikkel en te bevorder ten einde die maksimum volhoubare voordele van toerisme deur die wyds moontlike deelname in die plaaslike toerismebedryf te bewerkstellig;

(e) om die ontwikkeling van toepaslike toerismeïnfrastruktuur en—produkte, insluitende attraksies, akkommodasie en vervoer- en winkelfasiliteite, te bevorder;

(f) om sy verteenwoordigers in die streek-toerismeorganisasies te kies;

(g) om, in die toerismebedryf, opkomende sakeondernemings en voorheen benadeelde persone of kategorieë van persone te beskerm en tot voordeel te wees;

(h) om die natuurlike en kulturele bates van sy gebied te identifiseer;

(i) om geskikte toeristeliteratuur in oorleg met geakkrediteerde toerismediensverskaffers, soos in die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000 omskryf, te lewer en te versprei;

(j) om plaaslike toerismegebeurtenisse, konferensies en vergaderings in oorleg met geakkrediteerde toerismediensverskaffers, soos in die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000 omskryf, te organiseer en te bemark;

(k) om 'n databasis, gekoppel aan dié van Kaapse Toerisme, van die inligting wat nodig is vir die formulering en implementering van 'n toerismebeleid en 'n toerismebeleidstrategie, in te stel en in stand te hou of te laat instel en in stand hou; en

(l) om ander verwante aktiwiteite te onderneem ten einde sy hoofoogmerk te bereik; met dien verstande dat 'n plaaslike munisipaliteit by besluit van sy raad enige van die funksies wat hierbo uiteengesit is, kan wysig, aanvul of afskaf.

**Samestelling en funksionering van buro's**

**5.** (1) Die buro's is nie-verpligte strukture, sonder winsoogmerk of eiebelang, en bestaan uit lede van—

(a) toerismeondernemings in die gebied van die betrokke plaaslike munisipaliteit;

(b) die algemene publiek in die gebied van die betrokke plaaslike munisipaliteit;

(c) sakeorganisasies in die gebied van die betrokke plaaslike munisipaliteit;

(d) die betrokke plaaslike munisipaliteit; en

(e) ander buro's uit hoofde van subparagrawe *(a)* tot *(d)*.

(2) Lidmaatskap van 'n buro moet jaarliks hernu word.

(3) Elke buro moet 'n uitvoerende komitee kies wat bestaan uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en enige bykomende lede wat deur die algemene jaarvergadering van lede bepaal word; met dien verstande dat minstens een, maar hoogstens twee, van die lede van die uitvoerende komitee lede moet wees soos in subartikel (1)*(d)* beoog; met dien verstande verder dat die voorsitter of ondervoorsitter nie 'n lid mag wees soos in subartikel (1)*(d)* beoog nie.

(4) Die buro kan, op 'n vergadering van sy lede, 'n plaaslike bemarkingskomitee kies wat in oorleg met 'n plaaslike ontwikkelingskomitee, aangestel deur die plaaslike munisipaliteit in wie se gebied die buro val, die buro moet help, adviseer en steun by die verrigting van sy bemarkings- en ontwikkelingsfunksies en—oogmerke; met dien verstande dat een van die lede in subartikel (1)*(d)* beoog, tot die plaaslike bemarkingskomitee verkies moet word; met dien verstande verder dat 'n plaaslike munisipaliteit by besluit van sy raad die komitee wat 'n buro kies, kan verander en aanvul.

(5) Die uitvoerende komitee beoog in subartikel (3) moet 'n sekretariaat vir die buro aanstel, wat ook as die sekretariaat vir die plaaslike komitees moet optree.

(6) Indien die voorsitter van 'n buro of 'n plaaslike komitee om enige rede nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, moet die ondervoorsitter van daardie buro of plaaslike komitee, na gelang van die geval, die funksies van die voorsitter verrig.

(7) Die plaaslike komitees moet elkeen 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit hul geledere kies.

(8) 'n Buro moet 'n persoon as hoof uitvoerende beampte kies wat sy rekenpligtige beampte moet wees, asook in bevel van die ander werknemers van die buro moet wees en vir die buro verantwoordelik moet wees.

(9) 'n Buro kan, in oorleg met die plaaslike munisipaliteit in sy gebied -

(a) vergoeding, toelaes, bonusse, subsidies en pensioene en ander diensvoordele bepaal en aan sy werknemers betaal; en

(b) gratifikasies bepaal en aan sy werknemers en voormalige werknemers betaal, asook aan die afhanklikes van sy werknemers en voormalige werknemers waar sulke werknemers in die loop van hul diens te sterwe gekom het of beseer is.

**Ontruiming van amp van lede van uitvoerende komitee**

**6.** (1) Die amp van 'n lid van 'n uitvoerende komitee word vakant indien hy of sy —

(a) insolvent of geestelik gekrenk verklaar word deur 'n bevoegde hof;

(b) uit die amp ontslaan word ingevolge subartikel (2);

(c) skuldig bevind word aan 'n misdryf en gevonnis word tot gevangenisstraf sonder die keuse van'n boete, maar niemand mag as gevonnis beskou word totdat 'n app l teen die skuldigbevinding of vonnis beslis is nie;

(d) van drie opeenvolgende vergaderings van die uitvoerende komitee afwesig is sonder die verlof van die voorsitter;

(e) sy of haar bedanking skriftelik by die voorsitter indien;

(f) 'n lid van die Parrlement of 'n provinsiale wetgewer word;

(g) sterf.

(2) Die plaaslike munisipaliteit in wie se regsgebied die buro val, of 'n behoorlik gekonstitueerde komitee van daardie munisipaliteit wat vir toerisme verantwoordelik is, kan 'n lid van die uitvoerende komitee ontslaan op grond van wangedrag, onvermoë of growwe onbekwaamheid.

**Delegasie van bevoegdhede, funksies en pligte**

**7.** (1) Die uitvoerende komitee kan enige bevoegdheid, funksie of plig wat ingevolge hierdie Verordening aan die uitvoerende komitee opgedra of aan hom verleen of opgelê is, aan enige van sy komitees of werknemers delegeer.

(2) Die delegasie van 'n bevoegdheid, funksie of plig kragtens subartikel (1) verhinder nie die uitoefening van daardie bevoegdheid, die verrigting van daardie funksie of die uitvoering van daardie plig deur die uitvoerende komitee nie.

(3) Die uitvoerende komitee kan te eniger tyd enige delegasie kragtens subartikel (1) wysig of intrek.

**Konstituering van buro's**

**8.** Behoudens die bepalings van hierdie Verordening., en in oorleg met die lede beoog in artikel 5(1)*(d)*, moet elke buro 'n skriftelike grondwet goedkeur.

**Fondse**

**9.** (1) Die fondse van die buro bestaan uit—

(a) bewilligings deur die betrokke plaaslike munisipaliteit, ooreenkomstig 'n jaarlikse begroting wat ingevolge artikel 10(4)*(b)* voorgelê word en deur die plaaslike munisipaliteit goedgekeur word;

(b) skenkings, bemakings, borgskappe of bydraes;

(c) enige inkomste wat gegenereer word ten einde sy oogmerke te bereik; en

(d) ledegelde.

(2) Die uitvoerende komitee van 'n buro moet ledegelde bepaal, wat gelde vir verskillende kategorieë van lede insluit, en sulke gelde moet op die algemene jaarvergadering van die lede goedgekeur word.

(3) Ledegelde moet jaarlikse betaal word by die hernuwing van lidmaatskap; met dien verstande dat die lede beoog in artikel 5(1)*(a)* nie aanspreeklik is vir die betaling van ledegelde nie.

**Buro’s se verantwoordingsreëlings**

**10.** (1) Die hoof uitvoerende beampte van die buro wat ingevolge artikel 5(8) aangestel word, moet die rekenpligtige beampte van die buro wees en hy of sy moet verantwoording doen van alle geld wat ontvang word, alle betalings wat gedoen word en alle eiendom wat aangeskaf, ontvang, gehou of oor beskik word deur die buro.

(2) Die rekenpligtige beampte moet—

(a) ’n volledige en korrekte rekord hou van alle geld wat deur die buro ontvang of bestee word, en van die bates, laste en finansiële transaksies van die buro; en

(b) so gou as moontlilk, maar nie meer as drie maande na die einde van die buro se boekjaar nie, finansiële jaarstate opstel wat bestaan uit—

(i) ’n balansstaat;

(ii) ’n inkomstestaat;

(iii) ’n kontantvloeistaat; en

(iv) aantekeninge by die finansiële jaarstate.

(3) Die rekords en finansiële jaarstate in subartikel (2) genoem, moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

(4) ’n Buro moet jaarliks, maar nie meer as ses maande na die einde van ’n boekjaar nie, na afhandeling van die jaarlikse oudit—

(a) aan die hoof uitvoerende beampte van die plaaslike munisipaliteit vir sy regsgebied ’n verslag voorlê oor die buro se sake en aktiwiteite gedurende daardie boekjaar en sy geouditeerde finansiële jaarstate, en dié verslag en finansiële state moet op die volgende vergadering van daardie plaaslike munisipaliteit ter tafel gelê word; en

(b) ’n begroting vir die daaropvolgende boekjaar en ’n sakeplan aan die hoof uitvoerende beampte van die plaaslike munisipaliteit vir sy regsgebied voorlê, en dié begroting en sakeplan moet op die volgende vergadering van daardie plaaslike munisipaliteit oorweeg word.

**Streek-toerismeorganisasies**

**11.** (1) Alle streek-toerismeorganisasies wat by die inwerkingtreding van hierdie Verordening bestaan, word geag ingevolge hierdie Verordening deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit in wie se regsgebied hulle val, ingestel te gewees het.

(2) ’n Distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit mag nie enige verdere organisasies vir die bevordering en administrasie van plaaslike toerisme ingevolge hierdie Verordening instel nie, en enige verdere organisasie moet ingestel word ingevolge ’n nuwe verordening wat vir daardie doel afgekondig word.

(3) ’n .Distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit kan by besluit van sy raad enige streek-toerismeorganisasie in sy regsgebied afskaf; met dien verstande dat so ’n besluit voorsiening maak vir—

(a) die oorplasing van persone in die diens van so ’n streek-toerismeorganisasie na daardie distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit (waar dié persone nie werknemers van daardie distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit is nie), onderworpe aan voorwaardes wat nie minder gunstig is nie as dié waaronder hulle dien, en toepaslike arbeidswetgewing;

(b) die likwidasie of oorplasing van bates, laste, regte en verpligtinge van so ’n streek-toerismeorganisasie na so ’n distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, insluitende die beskerming van die bates teen beslaglegging en geregtelike verkoping; en

(c) die voortgesette toepassing van die besluite van so ’n streek-toerismeorganisasie en die omvang daarvan.

**Oogmerke van streek-toerismeorganisasies**

**12.** (1) Die oogmerke van die streektoerismeorganisasies is—

(a) om ’n streektoerismebeleid te formuleer binne ’n raamwerk wat bepaal is deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit in wie se gebied hulle val, en om die implementering van so ’n beleid te bevorder, te steun en te fasiliteer;

(b) om toerisme in hul regsgebiede te bevorder en te bemark deur persone aan te moedig om besoeke aan en in die streek te onderneem;

(c) om 'n databasis, gekoppel aan dié van Kaapse Toerisme, van die inligting wat nodig is vir die formulering en implementering van 'n streektoerismebeleid en 'n streektoerismestrategie in te stel en in stand te hou of te laat instel en in stand hou;
(d) om enige buro in hul regsgebiede by te staan en te steun;
(e) om opkomende sakeondernemings en persone of kategorieë van persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel.is, te beskerm en tot voordeel te wees;
(f) om die natuurlike en kulturele bates van hul gebiede te identifiseer en te bevorder; en
(g) om ander verwante aktiwiteite te onderneem; met dien verstande dat 'n metropolitaanse munisipaliteit of distriksmunisipaliteit by besluit van sy raad enige van die funksies wat hierbo uiteengesit is, kan wysig, aanvul of afskaf.

**Samestelling en funksionering van streek-toerismeorganisasies**

**13.** (1) Elke streek-toerismeorganisasie bestaan uit die volgende lede:
(a) twee verteenwoordigers van elke buro in sy regsgebied; en
(b) drie persone wat deur die betrokke distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, benoem is; met dien verstande dat ondervinding en kennis van toerisme oorweeg moet word wanneer 'n besluit geneem word om persone ingevolge hierdie paragraaf te benoem.

(2) Die lede van 'n streek-toerismeorganisasie moet op sy eerste vergadering die volgende uit sy geledere kies:
(a) 'n uitvoerende komitee bestaande uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en minstens drie bykomende lede; met dien verstande dat minstens een van die lede van die uitvoerende komitee 'n lid moet wees soos in subartikel (1)*(b)* beoog; met dien verstande verder dat die voorsitter of ondervoorsitter nie 'n lid mag wees soos in subartikel (1)*(b)* beoog nie;
(b) 'n streekbemarkingskomitee, wat in oorleg met 'n streekontwikkelingskomitee, wat aangestel word deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit in wie se regsgebied die streek-toerismeorganisasie val, die streek-toerismeorganisasie moet bystaan, adviseer en steun by die verrigting van sy bemarkings- en ontwikkelingsfunksies en—oogmerke; met dien verstande dat een van die lede beoog in subartikel (1)*(b)* tot die streekbemarkingskomitee verkies moet word en 'n ander van daardie lede tot die streekontwikkelingskomitee verkies moet word; met dien verstande verder dat 'n metropolitaanse munisipaliteit of distriksmunisipaliteit by besluit van sy raad die komitees wat 'n streek-toerismeorganisasie kies, kan wysig of aanvul.

(3) Die uitvoerende komitee moet 'n sekretariaat vir die streek-toerismeorganisasie aanstel, wat ook as sekretariaat vir die streekkomitees moet optree.

(4) Die voorsitter en die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee moet onderskeidelik die voorsitter en die ondervoorsitter van die streek-toerismeorganisasie wees.

(5) Die streekkomitees noet elk 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter uit hul geledere kies.

(6) Die funksies van 'n streekkomitee is om die streek-toerismeorganisasie by die verrigting van sy bemarkingsfunksies en—oogmerke by te staan, te adviseer en te steun.

(7) Indien die voorsitter van 'n streek-toerismeorganisasie of 'n streekkomitee om enige rede nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, moet die ondervoorsitter van daardie streek-toerismeorganisasie of streekkomitee, na gelang van die geval, die funksies van die voorsitter verrig.

(8) Die lede van die uitvoerende komitee en streekkomitees kan uit die fondse van die streek-toerismeorganisasie die vergoeding en toelaes betaal word wat bepaal word deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit in wie se regsgebied die streek-toerismeorganisasie val.

(9) 'n Streek-toerismeorganisasie kan, in oorleg met die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, in sy gebied—
(a) vergoeding, toelaes, bonusse, subsidies en pensioene en ander diensvoordele bepaal en aan sy werknemers betaal; en
(b) gratifikasies bepaal en aan sy werknemers en voormalige werknemers betaal, asook aan die afhanklikes van sy werknemers en voormalige werknemers waar sulke werknemers in die loop van hul diens te sterwe gekom het of beseer is.

(10) 'n Streek-toerismeorganisasie moet 'n persoon as hoof uitvoerende beampte aanstel wat die rekenpligtige beampte moet wees, asook in beheer van die ander werknemers van die organisasie moet wees en vir die organisasie verantwoordelik moet wees.

(11) Die bepalings van artikels 6 en 7 van hierdie Verordening is met die nodige wysigings van toepassing op 'n streek-toerismeorganisasie.

**Grondwet van streek-toerismeorganisasie**

**14.** Behoudens die bepalings van hierdie Verordening en in oorleg met die lede beoog in artikel 13(1)*(b)*, moet elke streek-toerismeorganisasie 'n skriftelike grondwet goedkeur.

**Fondse**

**15.** Die fondse van 'n streek-toerismeorganisasie bestaan uit—

(a) bewilligings deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, vir sy regsgebied ooreenkomstig 'n jaarlikse begroting wat ingevolge artikel 10(4)*(b)* voorgelê word en deur die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, goedgekeur word;

(b) skenkings, bemakings, borgskappe of bydraes; en

(c) enige inkomste wat gegenereer word ten einde sy oogmerke te bereik.

**Streek-toerismeorganisasies se verantwoordingsreëlings**

**16.** (1) Die hoof uitvoerende beampte van die streek-toerismeorganisasie wat ingevolge artikel 13(10) aangestel word, moet die rekenpligtige beampte van die streek-toerismeorganisasie wees en hy of sy moet verantwoording doen van alle geld wat ontvang word, alle betalings wat gedoen word en alle eiendom wat aangeskaf, ontvang, gehou of oor beskik word deur die streek-toerismeorganisasie.

(2) Die bepalings van artikel 10(2) em (3) is met die nodige wysigings van toepassing op 'n streek-toerismeorganisasie.

(3) 'n Streek-toerismeorganisasie moet jaarliks—

(a) na die einde van 'n boekjaar, binne drie maande vanaf die afhandeling van die jaarlikse oudit, 'n verslag aan die hoof uitvoerende beampte van die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, vir sy regsgebied voorlê oor sy sake en aktiwiteite gedurende daardie boekjaar en sy geouditeerde finansiële jaarstate, en dié verslag en finansiële state moet op die volgende vergadering van daardie distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, ter tafel gelê word, en..

(b) op of voor die voorgeskrewe datum, 'n begroting vir die daaropvolgende boekjaar en 'n sakeplan aan die hoof uitvoerende beampte van die distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, vir sy regsgebied voorlê, en dié begroting en sakeplan moet op die volgende vergadering van daardie distriksmunisipaliteit of metropolitaanse munisipaliteit, na gelang van die geval, oorweeg word.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**17.** Hierdie Verordening heet die Standaardverordening insake Plaaslike Toerisme en tree in werking op die datum van inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Wet op Toerisme, 2000.